

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN DIE KONVOKASIE, GEHOU OP 11 NOVEMBER 2010 OM 19:00 IN DIE HB THOMTEATER

Aanwesig:

(Lede: 132)

Kapp prof PH (President), Albertse mev JC, Andrag mev MH, Aspelng mnr JA, Badenhorst mev E, Basson mev FE, Basson mnr DS, Botman prof HR, Bouhmer mev EW, Brink brig genl PJ, Brink mev J, Brink prof AJ, Brink prof PA, Burger prof BV, Carstens prof IL, Coertzen prof P, Crafford dr A, Crafford mnr JM, de Beer mnr JB, De Kock mnr N, de la Bat mev JS, de la Bat mev HC, de la Bat mnr RS, De Villiers dr DJ, De Villiers mev S, De Villiers mev B, De Villiers mev J, De Villiers mev A, De Villiers mnr PD, De Villiers prof JM, De Villiers prof J, De Villiers-Strijdom mev J, Delpont dr JT, du Plessis mnr PJ, du Preez mnr RH, du Preez mnr WM, Du Toit me M, Du Toit mnr OE, Du Toit prof JB, Esterhuyse dr A, Esterhuyse prof WP, Geldenhuys prof G, Giliomee mev WC, Giliomee prof HC, Giliomee prof JH, Goosen mev W, Goosen mnr NC, Gous prof HT, Heunis JC, Hill dr LB, Hofmeyr prof JHS, Jacobs dr JH, Jooste mnr CC, Joseph dr TR, Kapp mev HBTD, Knoblauch mnr JDDW, Lanamak mnr FJ, Le Roux dr PJ, Le Roux mev EM, Le Roux mnr PJ, Louw dr NH, MacMaster dr LLM, Malan prof JA, Marais mej N, Mars mev M, Mathee prof JA, Meyer Pmev M, Meyer prof JC, Mostert dr S, Muller ds GO, Nel prof A, Nel mnr R, Nelson mnr K, Ngabeni ds S, Odendaal mnr I, Oduwole mev EO, Olivier mnr JR, Opara prof UL, Pakendorf mev O, Pakendorf prof KW, Pauw mnr AB, Pienaar prof WJ, Prins dr ED, Prins dr JMG, Reinecke prof AJ, Reinecke prof SA, Retief mev E, Robinson prof PJ, Rocher (me Conradie) mev HC, Roux ds A, Roux mev MR, Roux mnr E, Roux mnr E, Rozendaal mev D, Rozendaal prof A, Saal ds EI, Saal mev AJ, Serfontein dr J, Shaikh mnr M, Smit dr JH, Smith-Tolken dr AR, Spies prof L, Steyn dr HJ, Steyn mev MMC, Steyn mnr PG, Steyn prof PS, Steyn prof JG, Stofberg mnr K, Strijdom prof JL, Swanepoel mnr FA, Swarts mnr JJ, Terreblanche mnr HJ, Töttemeyer prof AJ, Töttemeyer prof G, Van der Merwe dr GS, Van der Merwe mev AE, Van der Merwe mev J, Van der Merwe mnr CA, Van der Merwe prof IJ, Van der Veer mnr GD, Van der Walt mev EM, Van der Walt prof PW, Van der Westhuizen mnr AP, Van Niekerk prof AA, Van Schalkwyk mej CE, Van Velden dr DP, Van Velden mev AM, van Wyk mev M, van Wyk prof AH, van Zyl mnr WA, Viljoen prof HC, Wessels dr M, Witten me BA.

(Besoeikers: 17)

De Wet mnr NE, du Preez mev JL, du Toit me LL, du Toit me M, Giliomee mev A, Lamprecht mev S, Muller mev A, Oduwole mnr OA, Roux mev CS, Scholtz mej LO, Smit mnr JH, Thompson mnr DW, Van der Merwe mnr RE, Van Zyl mev CJ, Venter me M, Viljoen mev H, Wood mej CL.

1. KONSTITUERING

Die President, prof. Pieter Kapp, verklaar die vergadering behoorlik gekonstitueer, ooreenkomstig die voorskrifte en prosedures soos neergelê in die Statuut.

2. OPENING

Mnr. Roelof Nel open die vergadering met gebed.

3. VERWELKOMING

Die President verwelkom almal teenwoordig en bedank hul vir hul belangstelling.

Die President verwelkom verder al die lede van die Raad en Senaat en in die besonder die Konvokasie se verteenwoordigers op die Raad, asook die Rektor en lede van die Bestuur.

Hy verwelkom die twee nuwe lede op die UK(K), mnr. Roelof Nel en adv. Jan Heunis.

Die President verwelkom ook die twee spesiale gaste prof. Johan de Villiers en prof. Flip Smit

4. NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING

Die notule van die vorige jaarvergadering van 10 November 2009 word aanvaar en goedgekeur.

5. HULDEBLYKE EN OORKONDE VIR GEMEENSKAPSDIENS

Die President lewer 'n huldeblyk aan twee persone wat die afgelope jaar oorlede is en wat besondere bande met die Konvokasie gehad het, prof. Roux de Villiers en prof. Bun Booyens.

Die President betoon eer aan dr Danie Craven en verwys na die 100 jaar herdenking van sy geboorte.

Die President vereer die studente aan die US en verwys na die besondere prestasies van Maties se eerste rugbyspan, die universiteitskoor, en die US se huisvesting van die Internasionale Kamermusiekfees.

Die President kondig aan dat die Konvokasie se oorkonde vir gemeenskapsdiens hierdie jaar aan prof. Johan de Villiers toegeken word. Hy stel vir prof. Jannie Hofmeyr aan die woord om die *commendatio* vir die toekenning te lees, wat opgestel is deur mnr. Christoff Pauw.

Prof. Hofmeyr dra die *commendatio* voor. Hierin word verwys na de Villiers se rol in die Libertas Koor se ontstaan en hul prestasies, asook 'n karakterskets van hom. 'n Kort video-greep van die Libertas Koor word vertoon.

Prof. de Villiers ontvang die oorkonde en bedank die Konvokasie. Verder noem hy dat hy die toekenning deel met sy vrou en drie kinders en bedank hul vir hul bydrae tot die koor. Hy dra die toekenning op aan elke voormalige Libertas Koor lid en bedank hul vir hul bydrae en talent.

Die President bedank vir prof. de Villiers.

6. SPREKER: PROF. FLIP SMIT: DEMOGRAFIESE TENDENSE EN DIE BETEKENIS DAARVAN IN DIE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

Die President verwelkom vir prof. Flip Smit en stel hom voor met 'n kort lewensskets.

Prof. Flip Smit lewer 'n toespraak oor die demografiese tendense en die betekenis daarvan in die onderwys in Suid-Afrika.

Die adv Jan Heunis SC bedank vir prof. Flip Smit.

7. MEDEDELINGS DEUR DIE REKTOR

Die President verwelkom die Rektor, prof. Russel Botman.

Die Rektor lewer sy gebruikelike mededelings en praat in besonder oor die US se Hoop-projek, 'n ontwikkelings-veldtog.

Die President bedank die Rektor.

8. VERKIESING VAN LEDE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

Die President verduidelik dat daar vakatures op die UK(K) ontstaan het, wat in gevolge die Statuut gevul moet word by die jaarvergadering. Verder verduidelik hy die stemproses.

Vir die vakature van Sekretaris word mnr. Roelof Nel genomineer deur mnr. Piet le Roux, met sekondante. Daar is geen verdere nominasies nie en mnr. Roelof Nel word eenparig verklaar as Sekretaris.

Vir die twee vakante poste vir addisionele lede op die UK(K) word adv. Jan Heynis genomineer deur mnr. George du Toit, met sekondante. Geen verdere persone word genomineer nie en adv. Jan Heunis word verklaar as addisionele lid. Die oorblywende vakante addisionele pos sal deur die UK(K) gevul word deur koöptering.

9. MEDEDELINGS DEUR DIE PRESIDENT

Die Vise-President prof. Christo Viljoen neem die voorsitterstoel in en stel die President aan die woord.

Die President se mededelings handel oor die uitdrukkings “to be Stellenbosched”, “Stellenbosch staan vir ‘n idee” en “Matie”. Verder praat hy oor die karakter van Stellenbosch.

Die Adjunk-President bedank die President, wat weer die voorsitterstoel inneem.

10. AFSLUITING

Die President bedank al die partye betrokke by die reëlins en uitvoering van die jaarvergadering.

Die vergadering verdaag.

Notule goed gekeur op

PRESIDENT

DATUM